Ons almal leef met diep verlanges. Elke dag. Sonder dat ons dit altyd kan verwoord en soms selfs sonder dat ons dit self besef verlang ons almal dat die lewe tog meer moet bied, meer moet inhou as wat ons dikwels beleef. Diep in ons skuil die hunkering dat die lewe groter moet wees, anders en meer vervullend as dit wat ons dikwels ervaar. Erens in ons harte hang die heimwee soos ’n skaduwee oor alles wat ons lewe elke dag vul, die behoefte om meer tuis te wees, gelukkiger. Die vermoede dat dit tog nie al kan wees nie wat die lewe bied nie.....die vrees dat dit dalk is.

Dwarsdeur die geestesgeskiedenis van die mensheid was die diepe verlange aanwesig, hierdie gevoel dat niks ons ooit finaal vervul nie. Asof ons altyd weer leeg gelaat word, na welke belewenis ook al. Die filosofie beskryf die mens as hunkerend, altyd soekend. Mense verlang na meer.

In die geskiedenis van die Christenheid is hierdie hunkering uitgelê as ’n drif, ’n soeke en verlange na God self. Die Christelike tradisie het geglo hierdie diepgewortelde verlange na meer kan slegs deur God self vervul word. Dit word so goed verwoord in ons Ou Kersvader Augustinus se beroemde toespraak in die 4e eeu nC: “God het ons vir Homself gemaak, en ons harte bly onrustig tot dit rus vind in Hom.”

Ons leef egter nie in ’n verlang wêreld nie, maar in ’n begeer wêreld. In die plek van ’n verlange na God en na mekaar het die begeerte na dinge en na onsself gekom. In plaas van om te verlang na God en na ons naaste, begeer ons goed, en eer en sukses en ons eie belang. Dit is waarop ons ons verlange begin rig, met die hoop dat dit vervulling sal bring. Ons rig ons verlange op onsself en afgode. Ons afgode het Martin Luther gesê is al die dinge waaraan ons ons harte hang. Dit is die goed waaroor ons droom en waarna ons hunker en waarin ons ons vertroue stel. Die dinge wat ons dink vir ons betekenis gee en wat vir ons so belangrik word. Dit is die goed waaroor ons dink as ons gaan lê en wanneer ons opstaan. Dit is die goed wat ons gedrag, prioriteite en besluite bepaal.

Ons is gemaak om na God en mekaar te verlang, maar ons verplaas so maklik die verlange na iets anders. Na al die belange en besittings en goed waarmee ons die lewe probeer vul. En so kom die begeerte na dinge, na goed, in plaas van die verlange na God en mekaar. Dit is vandag so maklik om in plaas van in ’n verlange en opsoek wereld te leef in ’n wegvlug of onttrek wêreld. Ons

word so maklik weggaan mense, mekaar agterlaat mense, onbetrokke mense, afsydige mense. Miskien die mees tipiese en tegelyk die mees treurige verskynsel van ons tyd is ons ongeergdheid, ons traak-my-nie-agtigheid. Ons houding van "who cares". Elkeen vir homself en te duiwel met die res. Solank ek en my mense en ons behoeftes darem net vervul is, dan is dit nou maar genoeg.

Die verhaal van Saggeus wys dat die mens geskep is met 'n diep verlange na God. Maar dat God se verlange na ons baie meer is as ons verlange na Hom. En daar waar God se verlange na ons en ons verlange na God mekaar ontmoet daar vind nuwe lewe plaas – nuwe moontlikhede. Ons sien die verlange in Saggeus. Hy het dit probeer vul met geld en mag in die samelewing. Tog as hy van Jesus se lewe hoor, hardloop hy, doen hy moeite want hy wil sien waaroor dit gaan en wie hierdie Jesus is en dan sien ons Jesus se absolute verlange na Saggeus. Ons hoor dit in Jesus se woorde: "Saggeus kom ek wil by jou tuisgaan". Hierdie is so mooi gebeurtenis. Jesus wil hom nie net ontmoet en homself aan hom voorstel nie. Nee Jesus wil by hom tuisgaan, by hom aan tafel kom en oorslaap. Dit word die bewys van God se verlange na Saggeus. Ek ken jou Saggeus op jou naam, ek weet van jou reputasie, van jou onreg, van jou selfsug, maar ek verlang na jou. Ek wil by jou wees, ek wil jou naam in ere herstel. ek wil vir jou lewe en betekenis en vreugde gee. En dan vanuit die ontmoeting sien ons hoe hierdie ontmoeting Saggeus se hele lewe verander. Sy verlange word gevul en hy word iemand wat met oop hande begin leef, ander begin raaksien, die gemeenskap begin dien, in plaas van om sy eie behoeftes te wil vervul en vanuit sy begeertes te leef, begin Hy leef vanuit God se verlange.

Wat is jou diepste verlange? Met wat vul jy dit? Dalk ook met bepaalde begeertes wat jou altyd weer onvergenoegd laat?

God het 'n diep verlange na Jou! Hy roep jou op jou naam en wil by jou tuisgaan. Wat beteken dit vir jou?

Hy wil in jou en my mees persoonlike mens wees, verlangens, behoeftes in kom. Hy wil ons Naam en menswees herstel.

Hoe verander hierdie ontmoeting my en jou lewe?

Hoe verander dit my verstaan van myself en van ander en my leef in my elke dag se konteks?